

Sing vooraf staande: Psalm 119:6, 22 (p. 587)

- 6 In u wet smaak ek 'n vreugde / groter as waar hy van weet
wat sy goed en aardse skatte / in hul waarde nie kan meet.
Daarmee bly ek altyd besig, / daar't my soetste oorpeinsing is;
mag maar niks die bron van vreugde / ooit uit my gedagte wis.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 104:1, 2, 20 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans;
die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.
- 20 Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees – / mag dit Hom welgevallig wees!

Gebed

Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe in dooie harte wek.

Skriflesing: Eksodus 19:1-25

Kernverse: Eksodus 19:4-6a

Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees.

(Eksodus 19:4-6a AFR53)

Tema: Sinai – ompad na die beloofde land? – reguit pad na God toe!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die meeste van ons of almal van ons ken die Tien Gebooi bykans woordeliks. Elke Sondagoggend hoor ons hoe die Here sy wet aan ons afkondig met die mond van die voorganger in die erediens. As daar vinnig vir ons gevra gaan word wat is die agste gebod, sal ons vinnig kan antwoord of ten minste die Tien Gebooi in ons gedagtes nasê totdat ons by die agste een kom. 'n Mens kan naderhand so bekend word met die woorde van die Tien Gebooi dat 'n mens nie altyd meer luister wanneer dit afgekondig word nie. Jy ken die 'rympie' en jy weet wanneer om weer volle aandag te gee.

Vir sommige gelowiges het die afkondiging van die wet iets van 'n stuk sleurwerk geword en daarom het hulle al die afkondiging van die Tien Gebooe in die ere diens gestaak. Hier in die Gereformeerde Kerk Bellville wil ons eerder bly by die aanhoor van die Tien Gebooe elke Sondag. As ons dit sê, wil ons geensins te kenne gee dat ons erediens beter is of meer volledig as ander se erediens nie. Vir ons is dit 'n beproefde vorm van erediens aan die Here.

Gestel nou iemand vra ons: Waarom moet die Tien Gebooe van die Here elke Sondag gehoor word, hoe sal ons daarop antwoord? Op hierdie vraag sal jy miskien ook nie te lank tob nie. Ons luister graag hoe die Here sy wet aan ons afkondig, want dit is vir ons die reël van ons dankbaarheidslewe. Dit is waar, sal iemand anders sê, maar ons luister ook na die wet sodat ons hoe langer hoe beter ons sondige natuur kan leer ken en met groter verlange na die vergewing van ons sondes en na die geregtigheid in Christus sal soek. Dit is inderdaad 'n goeie antwoord – 'n modelantwoord van iemand in die belydenisklas.

In Artikel 2 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat God Homself deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend maak. Op grond hiervan kan 'n mens vra: Kan dit wees dat die Here iets van Homself ook in die Tien Gebooe openbaar sodat ons Hom nog beter kan ken? Of is die Tien Gebooe maar net 'n klomp moets en moenies, soos wat mense gewoonlik na die wet van die Here verwys? Hierdie vrae het in my gedagtes begin maal na aanleiding van 'n stelling wat ek in 'n kommentaar¹ op Jakobus raakgelees het.

Die Tien Gebooe is nie soos 'n hoop klippe waar jy een klip kan wegneem en die hoop bly nog daar lê nie. Die wet van die Here moet eerder gesien word as 'n stuk glas soos 'n venster. As jy die venster net op een plekkie met 'n klip raak gooi, breek die hele ruit. Dit is die beeld wat die skrywer van hierdie kommentaar gebruik. En op grond van Jakobus se woorde in Jakobus 2:10-11 maak die skrywer die volgende opmerking: *Dit is God se karakter wat aan die wet sy ondeelbare aard gee. Elkeen van die Tien Gebooe gee 'n faset van God se karakter weer. Wanneer 'n mens dan een gebod wegneem of ignoreer, doen jy God se openbaring van Homself skade aan* (vry vertaal, CVrey). Dit is hierdie opmerking wat my nuuskierig gemaak het om weer nuut en vars na die Tien Gebooe te luister om te hoor wat die Here van Homself aan ons openbaar in elkeen van die gebooe.

Wanneer 'n mens die Tien Gebooe behoorlik wil verstaan, moet 'n mens nie by Eksodus 20 begin lees nie. Eksodus 19:1 is 'n nuwe deel in God se geskiedenis met sy volk en word duidelik onderskei van wat in die eerste agtien hoofstukke gelees is. Eksodus 19 is die heel eerste hoofstuk in Eksodus wat begin met 'n datum – **in die derde maand na die uittoeg** (Eksodus 19:1 AFR53). En alles wat in die volgende sewe en vyftig hoofstukke tot by Numeri 10 geskryf staan, is gebeure wat oor 'n periode van elf maande tot by die berg Sinai gebeur het.

Eksodus 12:29 tot Eksodus 18:27 beskryf kortliks wat in die drie maande gebeur het voordat Israel by Sinai aangekom het. Ons hoor ook wat die Israeliete gesê het – hulle het meestal gekla. In hierdie drie maande het die Here al die goed gedoen – Hy het sy volk droogvoets deur die Riet See laat trek, Hy het die water by Mara soet gemaak, Hy het vir hulle manna gegee om te eet, Hy het water uit 'n rots vir hulle gegee om te drink en die Here het hulle bevry uit die mag van die Amalekiete. Agter al Israel se gekla was dit die heelyd dié vraag: Wat maak ons hier? Dit was immers nie die belofte wat hulle gekry het nie. En waar hulle in die suidelike deel van die Sinai-skiereiland was, was hulle nog ver van die beloofde land af. 'n Mens kan hulle gekla in 'n mate verstaan, want wat gerief en gemak betref was hulle nou, volgens hulle, slegter daaraan toe.

Vir ons wat die Bybel het en die hele geskiedenis met een slag deurlees, is dit maklik om die antwoord op Israel se vraag te gee. Maar of Moses die antwoord op die vraag geken het, weet ons nie. Ons weet nie eers of hy onthou wat die Here destyds vir hom op hierdie berg gesê het nie:

Ek sal met jou wees, en dit sal vir jou 'n teken wees dat Ek jou gestuur het: As jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle op hierdie berg God dien.
(Eksodus 3:12 AFR53)

En as hy hierdie woorde onthou het, het dit hom verseker dat hulle op die regte pad is selfs al lyk dit of hierdie pad hulle al verder van hulle bestemming af wegneem. Ons het hier met die grootste en mees uitgebreide visuele hulpmiddel wat ooit beplan is te doen – die reis van die pasga in Egipte af tot by die gee van die wet by Sinai.

Die Here, die alwetende God, het geweet dat Moses versekering nodig sou hê van sy Goddelike opdrag. Anders was die aankoms in hierdie dor en verlate wêreld 'n laagtepunt wat tot neerslagtigheid kon lei, want die belofte van **'n goeie en wye land, 'n land wat oorloop van melk en heuning** (Eksodus 3:8) staan in skrilte kontras met die plek waar hulle nou aangekom het. Maar kragtens die Here se woorde in Eksodus 3:12 was Sinai nie 'n ompad of 'n verdwaalpad nie. Sinai was ook nie sommer net 'n oornagkamp soos Mara en Elim nie. Sinai was die primêre bestemming van die reis van Egipte af. Die Here het hierdie doelwit self gestel.

Kom ons staan net eers terug om die visuele hulpmiddel sien: Die Here se verlose volk moes na dié plek gebring word waar hulle Hom kan hoor en sy wet kan ontvang. Hieruit kan drie waarhede afgelei word:

1. Dit is God se wil dat die verlose mense nou self die Here se stem hoor en luister hoe Hy wil hê dat hulle moet lewe. Deur die bloed van die paaslam is die Israëliete verlos en nou het die Here hulle na hulle eerste bestemming gebring om sy stem te hoor en sy wil vir hulle lewe te leer (Deut 4:34, 36-37, 40).
2. Die wet is in wese die Here se onderrig van hoe om te lewe om Hom tevrede te stel, en dit is die betekenis van die wet regdeur die Bybel. Die wet is nie gegee as 'n leer waarmee die mens met sy eie prestasies tot in God se goeie boekies opklim nie. Die wet is die lewenstyl van hulle wat deur die verlossing reeds in sy goeie boekies is. Hy bring ons na Hom toe en eis dan dat ons sal lewe soos Hy wil (Eks 19:4-5).
3. Die Here se genade gaan sy wet vooraf. Deur sy genade reik Hy uit om die mens te red, en dit is aan hulle wat Hy gered het wat Hy sy wet gee. Die eerste eienskap van die verlose mens is dat hy die woord van die reddende God besit, ken en daarvolgens lewe. Vir Israel van ouds was dit die woorde wat hulle uit Moses se mond gehoor het. Vir ons wat deur die bloed van Jesus verlos is, is dit die hele Bybel.

Kom ons luister nou in besonder na hierdie eerste woorde wat die Here op die Berg Sinai aan Moses en Israel gesê het:

Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. (Eksodus 19:4-6a AFR53)

Sommer hier aan die begin moet ons mooi op die volgorde van die Here se woorde let, want dit wat hier geskryf staan is belangrik vir ons verstaan van die Ou Testament en van die hele Bybel. Dit is ook belangrik vir ons verstaan van ons eie plek voor die Here as sy verlose kinders. In hierdie woorde sê die Here drie dinge:

1. dit wat Hy gedoen het,
2. die mens se gehoorsame reaksie, en
3. die beloftes en seën wat Hy meedeel.

Hierdie volgorde mag nooit omgekeer word nie. Wat die Here gedoen het, staan in die verlede tyd geskryf. En die mens se reaksie en die beloftes van seën staan in die toe-komende tyd geskryf.

Wat die Here in vers 4 sê, is 'n opsomming van alles wat gebeur het, soos wat dit vir ons beskryf word in Eksodus 4 tot 19. Israel het alles gesien wat die Here vir hulle gedoen het. Hulle is nie soos Jetro vir wie deur 'n ander mens vertel is wat die Here alles vir sy volk gedoen het nie (Eks 18:1). Hulle het met hulle eie oë gesien hoe die Here die Egiptenaars met die tien plaë op hulle knieë gedwing het. By die Riet See het hulle gesien hoe die Here die farao en sy hele leër in die see verdrink. Egipte wat homself so hoog magtig teenoor die Here gehou het, is tot in die grond toe verneder deur die Here. Farao het nie meer 'n sê oor Israel gehad nie.

Van die sorg en beskerming op arendsvlerke weet Israel baie goed. Dit is die Here wat kos en water in oorvloed aan hulle voorsien het toe hulle gedink het dit was verby met hulle. Hulle het beleef hoe oneindig sterk die Here is. Die Here het hulle uit die mag van die Amalekiete bevry. Die Here het in die drie maande wat verby was inderdaad baie dinge gedoen wat hulle nooit vir hulleself sou kon doen nie. Dit het die Here vir hulle gedoen ondanks al hulle geskop en geskree soos 'n kind wat nie saam met sy pa of ma wil gaan nie. En nou bevind Israel hulleself waar hulle in die teenwoordigheid van die almagtige, heilige God verwelkom word. Hulle word in 'n intieme verhouding met Hom aanvaar, nie op grond van hulle eie insette of meriete nie, maar omdat God hulle na Homself toe gebring het.

Hierdie werk wat die Here vir sy volk gedoen, is nie iets wat sommer so in die verbygaan opgemerk en maar vergeet kan word nie. Die Here het Hom in hierdie werk geopenbaar as die God van die hele aarde. Hy is God in en oor Egipte net soos wat Hy God is in en oor Israel. Hy het Homself geopenbaar as die soewereine God. Hy bepaal die rigting en uitslag van die gebeure op aarde. Selfs Egipte, die wêreldmoonheid van daardie tyd, was nie opgewasse teen die Here se wil nie. En die Here het sy uitverkiesende genade tot openbaring gebring. Die Here het sy verbond met Israel se voorvaders onthou.

Wat die Here met en vir Israel gedoen het, het uitsluitlik van Hom af uitgegaan. Israel het nooit iets gedoen sodat die Here verplig gevoel het om hulle te verlos nie. Hy het hulle uitgekies omdat Hy hulle liefgehad het. En Hy het hulle liefgehad omdat Hy wou. Broers, susters en kinders, die feit dat die Here vir jou en vir my verlos het, was beslis nie omdat ons sulke goeie mense is nie. Jesus Christus het sy lewe vir ons afgelê omdat Hy God se kinders liefhet. Ons hemelse Vader het Jesus aan die kruis oor ons sondes veroordeel omdat Hy ons uitverkies het nog voor die skepping van die wêreld. Laat ons nooit as te nimmer dink dat ons iets sou gehad het of gedoen het wat die Here sou kon oortuig om ons uit te kies en te verlos nie. Wat Hy vir ons gedoen het, spruit uitsluitlik uit sy liefde vir ons.

En ongeag waar ons gebore is en ondanks al ons opstandigheid het die Here ons deur sy Gees en Woord gebring tot geloof in Jesus Christus. In Christus het Hy ons na Homself toe gebring. Hy verwelkom ons in sy teenwoordigheid en aanvaar ons in 'n intieme verhouding met Hom.

Laat ons vervolgens eers na die beloftes van seën gaan kyk wat die Here aan Israel gee. Ons doen dit nie om die volgorde om te keer waarteen ons vroeër gewaarsku is nie, maar uiteindelik die reaksie van die mens beter te begryp.

Die beloftes van seën wat die Here aan Israel maak, hou verband met wat Hy in die verlede vir hulle gedoen het. Die Here homself getoon as die soewereine God deur wat Hy voor die oë van Israel in Egipte met die Egiptenaars gedoen het. Die hele aarde behoort aan die Here. En daar in Egipte het Hy sy uitverkiesende genade uitgevoer deur Israel as sy eiendom uit Egipte weg te neem. Die woord wat ons met *eiendom* vertaal, beteken *'n baie waardevolle eiendom – 'n persoonlike skat*. Ons kan dit

vergeelyk met die juwele wat 'n vrou in haar kas het. Daar is juwele wat sy enige dag sal dra en selfs vir 'n dogter sal leen. Maar dan is daar ook een stukkie juweliersware wat sy alleen sal dra en net by besondere geleentheid. Al die juwele is hare, maar aan daardie een heg sy besondere waarde. So is Israel, die uitverkore volk, die Here se persoonlike eiendom.

Verder word aan Israel belowe dat hulle vir die Here 'n koninkryk van priesters sal wees. Hierdie uitverkore volk is burgers in die koninkryk van die ewige Koning, maar binne-in hierdie koninkryk is elke burger 'n priester wat die voorreg het om in die teenwoordigheid van die Koning te kom en te wees. Hierdie belofte van seën sal waar word omdat die Here self vir Israel na Hom toe gebring het waar Hy hulle in sy teenwoordigheid verwelkom en aanvaar in die verhouding met Hom.

En die derde belofte van seën wat die Here maak, is dat Israel 'n heilige nasie sal wees. Iemand wat die Bybel al goed ken sal hierdie woord *nasie* as 'n benaming vir Israel vreemd vind. Daar word meestal van Israel as *die volk* gepraat en van die heidense volke as nasies. Maar met hierdie benaming bevestig die Here nog 'n maal dat, hoewel Israel net een nasie tussen baie nasies is, hulle deur die Here afgesonder is om sy heilige nasie te wees. Uit al die nasies het die Here aan Israel opgedra om deel te hê aan die Goddelike natuur en om die Goddelike natuur te vertoon in 'n lewe wat 'n gelykenis is van God hulle Verlosser.

En dit is op hierdie punt waar hulle bevoorregte posisie as die persoonlike skat van die Here en hulle vrye toegang in die teenwoordigheid van die Here as 'n koninkryk van priesters 'n openbare getuienis word die heiligheid van die Here. Nie om in hoogmoed neer te sien op enige ander nasie nie, maar om deur hulle lewe die ander nasies na die Here toe aan te trek.

Deurdad die Here die werk wat Hy die afgelope drie maande vir Israel gedoen het tot hier by Sinai verbind met die beloftes van seën wat Hy aan hulle maak, sê die Here inderwaarheid vir Israel: Kyk dit is wat Ek reeds vir julle gedoen het, geniet nou wat julle van My gekry het.

Israel as volk was egter onbekwaam om hierdie koninkryk van priesters te wees. Die Here was bewus van hulle onbekwaamheid, daarom het Hy vroeg in die ontmoeting met sy volk by Sinai een stam uit die twaalf afgesonder om die priesterlike werk in die teenwoordigheid van die Here te verrig – die stam Levi. Israel se onbekwaamheid het na vore gekom toe Moses die vyfde keer op die Berg Sinai was en veertig dae daar gebly om die kliptafels te ontvang waarop die Here die Tien Gebooe geskryf het. Toe het Israel vir hulle 'n goue kalf gemaak. Die belofte van seën om 'n koninkryk van priesters te wees, het nie daar tot niet gegaan nie. Tot en met die koms van Jesus Christus sou dit inderdaad net die Levitiese priesters wees wat in die teenwoordigheid van die Here kon ingaan. Maar deur Christus se offer aan die kruis het Hy weer hierdie belofte van seën herstel sodat elke gelowige kind van God 'n koninklike priester kan wees omdat hulle deel het aan die salwing met die Heilige Gees wat op Christus gekom het.

Ons, as kerk van die Here Jesus, is die kroonjuweel van die Here, geliefdes. In God se oë is ons so kosbaar dat Hy sy Seun prysgegee het aan die dood sodat Hy ons kan behou as sy eiendom. En in die Nuwe Testament herhaal die Here hierdie beloftes van seën aan sy kerk: **Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.** (1 Petrus 2:9-10 AFR53)

Geliefdes, wat die Here vir Israel destyds gedoen het, het Hy in Christus vir ons ook gedoen. Die beloftes van seën wat Hy aan Israel gemaak het, maak Hy ook aan ons. Ook vir ons sê die Here: Ek het al hierdie dinge vir julle reeds gedoen, kom geniet nou wat Ek vir julle gegee het.

Nou kan ons terugkeer na die woorde aan die begin van vers 5 – **as julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou** – wat die brug is tussen wat die Here gedoen het en sy beloftes van seën. Eensydig het die Here besluit en opgetree deur Israel as sy uitverkore volk te verlos, met sy genadige voorsienigheid te versorg en hulle in sy teenwoordigheid te verwelkom. Voor hulle lê Hy by wyse van die beloftes die genieting van wat Hy vir hulle gedoen het – om hulleself te ken as sy persoonlike skat, om toegang te hê tot sy teenwoordigheid as sy priesters en om sy heiligheid aan die hele wêreld te vertoon. Hoe sal hulle hierdie beloftes geniet? As hulle na sy stem luister en sy verbond hou.

Hierdie reaksie waartoe die Here sy volk oproep, is nie 'n reaksie om deel te word van die verbond nie, maar dit is die reaksie om die verbond te geniet. Dit is God wat met sy magsdaad mense deel maak van sy verbond. Mense geniet die verbond – hierdie besondere verhouding met die Here deur toegewyde gehoorsaamheid. Die mens se gehoorsaamheid is daarom nie sy deel van 'n ooreenkoms met die Here nie, maar is die dankbare reaksie vir wat die Here alleen besluit en gedoen het.

Ons God is die sprekende God wat sy Woord aan ons vertel. Die besondere karakter-eienskap van hulle wat deur die Here verlos is, is dat hulle luister na wat die Here sê en Hom gehoorsaam. Ons sê weer: Die kenmerk van die egtheid van mense wat aan die Here behoort, is dat hulle sy Woord besit, daarna luister en dit doen. Wat dit behels om die verbond te hou en voluit die verhouding met die Here te geniet, openbaar die Here in sy Tien Gebooe.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 September 2013

ⁱ Motyer, A. 1985. The Message of James. Inter-Varsity Press : Leicester.